# DIE (GCALEKA-)KONING IS DOOD, LANK LEEF DIE (GCALEKA-)KONING!

## 1 Inleiding

Koning Xolilizwe Sigcawu is op 31 Desember 2005 in 1 Militêre Hospitaal, Pretoria, aan lewerversaking dood. Koning Sigcawu, wie se koningshuis by die Groot Plek Nqadu naby Willowvale in die Oos-Kaap is, het 40 jaar lank oor die Gcaleka-koninkryk as opperhoof van die Gcalekas regeer. Die Gcaleka-koninkryk, oos van die Keirivier, is nie die enigste Xhosa-koninkryk in dié provinsie nie – koning Maxhobayakhawuleza Sandile, wie se koningshuis naby King William's Town is, regeer oor die Rharhabe, in 'n gebied wes van die Keirivier. Benewens dié twee, beskik ook die Thembu en die Pondo, twee ander Xhosa-sprekende nasies, elk oor twee konings (sien http://152.111.1.251/argief/berigte/dieburger/2006/01/12/OS/7/cdforumsigcawu.html, toegang 13-02-2006). As een van die langs regerende opperhoofde in Suid-Afrika was koning Xolilizwe Sigcawu die elfde koning van die Gcaleka-gebied, en hy is volgens tradisie in 'n koninklike begrafnis langs sy pa, koning Bungeni Zwelindumile Sigcawu, naby die koningshuis by die Groot Plek Nqadu ter ruste gelê (sien http://www.sundaytimes.co.za/Articles/TarkArticle.aspx?ID=1843033, toegang 13-02-2006; http://152.111.1.251/argief/berigte/dieburger/2006/01/14/BY/9/sigcawu.html, toegang 13-02-2006).

Reeds by sy begrafnis het die vraag ontstaan na 'n opvolger vir die koning – hy het vyf vroue gehad, van wie slegs twee, Nondwe en Nomazile, nog leef, asook elf kinders. Hoofman Mpendulo Sigcawu, die koning se oudste seun by sy derde vrou (ook bekend as 'n *qadi*-vrou), blyk volgens tradisionele erfopvolgingsreëls die bewese aanspraakmaker op die troon te wees, hoewel prins Ahlangene Sigcawu, die koning se oudste seun by sy tweede vrou (ook bekend as die regterhandse vrou), ook aspirasies vir koningskap gehad het. Die eintlike aanspraakmaker op die troon, die koning se oudste seun by sy eerste vrou (ook bekend as die hoofvrou), is na bewering verstandelik gestrem en mog die koning dus nie opvolg nie. Voorts blyk vroulike opvolging volgens Gcaleka-tradisie ontoepaslik te wees omdat vroue deur potensiële huweliksluiting buite die sibbe "nie die [familie]lyn kan voortsit nie" (sien http://152.111.1.251/argief/berigte/dieburger/2006/01/12/OS/7/cdforumsigcawu.html, toegang 13-02-2006).

Volgens mediaberigte is 'n opvolger vir die ontslape koning Xolilizwe Sigcawu reeds op 27 Januarie 2006 benoem. Hoofman Mpendulo Sigcawu het na bewering tydens sy benoemingsplegtigheid volgens koninklike tradisie 'n nuwe naam gekry, naamlik koning Zwelonke Sigwacu, die twaalfde koning van die Gcaleka-gebied (sien http://152.111.1.251/argief/berigte/dieburger/2006/01/28/DB/2/nsxhosakoning.html, toegang 13-02-2006).

Verskeie interessante vrae ontstaan uit die verhaal van die dood en opvolging van koning Xolilizwe Sigcawu, waaronder die volgende:

- welke reëls en kriteria bepaal hoe die opvolging van ’n koningsposisie geskied;
- welke prosedure vir die benoeming en aanstelling van ’n opvolger gevolg moet word; en
- of dit korrek is om te beweer dat vroue van sodanige opvolging uitgesluit word.

In die onderhawige aantekening word dié onderskeie vrae kortliks beantwoord met verwysing na die inheemsregtelike reëls, toepaslike wetgewing en relevante onlangse regspraak. Die aantekening het egter nie ten doel om die instelling en meriete van tradisionele leierskap as sodanig te bespreek en evalueer nie (sien in dié verband, bv, Bennett *Customary Law in South Africa* (2004) 101-134; en Mqeke *Customary Law and the New Millennium* (2003) 120-125).

## 2 Die titel “koning”

Vir doeleindes van die aantekening word die titel “koning” gebruik omdat die Gcaleka-volk die oorledene en sy voorgangers volgens die inheemse reg en gebruike as hulle koning beskou het. Die koloniale regerings en hulle opvolgers het egter nie die benaming “koning” in hierdie verband gebruik nie, vermoedelik omdat die Britte net een koning, naamlik die koning van Groot Brittanje, erken het. Hulle het egter kapteins en opperhoofde (“paramount chiefs”) en hoofmanne erken (sien a 2(7) van die Swart Administrasiewet 38 van 1927). Die oorledene *in casu* was so ’n aangestelde opperhoof.

Erkenning van koningskappe word nou moontlik gemaak by wyse van die Traditional Leadership and Governance Framework Act 41 van 2003 (hierna genoem “die Wet”). Dit doen egter geen afbreuk aan die res van hierdie aantekening nie, solank lesers daarvan bewus is dat die titel “koning” op die inheemse siening en benoeming slaan. Samson (“Traditional rulers and their realms” in Hammond-Tooke (red) *The Bantu-speaking Peoples of Southern Africa* (1974) 248-249) beskryf die inheemse politieke bestel waarbinne die posisie van “koningskap” sigself manifesteer, soos volg:

> “Historical developments in Southern Africa allow definition of three grades of polity. In ascending order, these were: independent chiefdoms, federations of chiefdoms and, finally, kingdoms in which erstwhile chiefdoms became districts. The independent chiefdom is the prototype for Southern Bantu political development … Federations and kingdoms grew out of independent chiefdoms and used the chiefdom as a constituent part of the enlarged polity. Finally, the independent chiefdom was also a reversionary type. When the larger polities fragmented or lost members through secession, the independent chiefdom was normally the type of polity in which defectors or survivors re-arranged their political affairs.
>
> …

> In the nineteenth century, Southern Africa saw the expansion of key Bantu states. The expansionist states started as independent chiefdoms whose rulers came to dominate other chiefdoms that they assimilated to their rule. In the literature, Southern Bantu super-states are called nations and writers dignify their rulers with the title of 'king' … The Zulu under Shaka, the South Sotho under Moshesh and the Swazi, governed by scions of Mswati, all qualify as African nations that were governed by kings."

## 3 Erfopvolging ingevolge die inheemse reg

Tradisioneel gesproke kan 'n statusposisie alleen deur manlike persone gehou word en daarom kon slegs hulle daarin opvolg. In die inheemse reg mog vroue nie politieke ampte beklee nie. Die gevolg is dat vroue tradisioneel van ampte as tradisionele leiers uitgesluit was (Bennett 120-121).

Ingevolge artikel 211(1) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika van 1996 word die instelling, status en rol van tradisionele leierskap erken. Die Grondwet bevat egter nie 'n omskrywing van "tradisionele leierskap" nie. Artikel 211 verwys na tradisionele leierskap "volgens die gewoontereg". Vorster maak die afleiding dat die begrip verwys na "'n kultuurinstelling (inheemse leierskap) wat oor generasies heen van een geslag na 'n ander oorgedra is. In die Suider-Afrikaanse konteks kan ook aanvaar word dat die beginsels van erflikheid en manlike opvolging in die patrilinie ingesluit word" (Vorster "Tradisionele Leierskap in Suid-Afrika" 1996 *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Etnologie* 76 78. Sien ook Vorster "Traditional Leadership in South Africa, Marriages and Succession" 1999 *Obiter* 75 76; en Knoetze "Inheemse Erfopvolgingsreg: Opvolging in Leierskapsposisies" 2004(1) *Speculum Juris* 36 37-39).

In die Suider-Afrikaanse voor-koloniale tydvak was die heerser in beginsel 'n man, behalwe by die Lobedu van Modjadji waar die staatshoof sedert ongeveer 1800 steeds 'n vrou is. Vroue kon by sekere groepe wel as inheemse staatshoof waarneem of as regentes optree waar die regmatige opvolger nog minderjarig is of om 'n ander rede nog nie kan opvolg nie (Vorster 1996 *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Etnologie* 80; en Bennett 121). Die heerser se opvolger moes in die reël ook uit die manlike geslag gewees het, behalwe by die Lobedu), waar die vroulike hoof net deur 'n dogter opgevolg mag word (Vorster 1996 *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Etnologie* 77 en 80).

In die tradisionele reg het die beginsel van patrilineêre opvolging algemeen gegeld. Faktore soos geestelike en liggaamlike geskiktheid, karakter en bekwaamheid is by die aanwysing van 'n opvolger in ag geneem (Bennett 120. Bennett wys daarop dat politiek en staatsinmenging in die koloniale en voor-grondwetlike tydperke op opvolging kon impakteer. 'n Beskrywing van dié beïnvloeding val egter buite die omvang van die aantekening). Vorster verduidelik die aard van tradisionele opvolging ingevolge die inheemsregtelike reëls soos volg:

> "Die instelling van tradisionele leierskap onder die Bantoesprekende mense van Suid-Afrika word onderlê deur 'n sosiale stelsel van patriargie. Dit

> impliseer dat die posisie van tradisionele leierskap tot manlike lede van die familie beperk word; trouens, dit word beperk tot die oudste seun van die hoofvrou. In hierdie verband word die posisie van die opvolger deur die volgende faktore bepaal: die status van die hoofvrou; geslag (manlik); eersgebore seun (beginsel van eersgeboortereg ten opsigte van manlikes) en fisieke vermoë. Ten tye van opvolging is die opvatting dat die opvolger die mees senior lewende skakel met die voorouerlike wêreld van die heersende familie verteenwoordig" (Vorster "Die Instelling van Tradisionele Leierskap" in Bekker, Labuschagne en Vorster (reds) *Inleiding tot Regspluralisme in Suid-Afrika. Deel 1: Gewoontereg* (2002) 135).

Word bogenoemde tradisionele beginsels toegepas ter aanwysing van 'n opvolger vir koning Xolilizwe Sigcawu, lyk die posisie soos volg:

- Ingevolge die patrilineêre stelsel is die eerste vereiste dat die opvolger manlik moet wees. Daarom word die koning se dogters en ander vroulike afhanklikes van opvolging uitgesluit.
- Onder die Nguni tradisionele gemeenskappe van die Oos-Kaap, Ciskei en Transkei (waaronder die Xhosas) het die eerste eggenote die status van hoofvrou, en haar huis is die Hoofhuis. Ingevolge die eersgeboorte-regsreëls is die oudste seun van die Hoofhuis normaalweg die eerste aanspraakmaker op die troon. In die geval van koning Xolilizwe Sigcawu skakel sy oudste seun by sy hoofvrou se geestelike gestremdheid (onbekwaamheid) hom egter ingevolge die tradisionele reëls van opvolging uit.
- Onder die Xhosas het die tweede vrou die status van die regterhandse vrou en haar huis is die Regterhandhuis. Ander vroue met wie getrou word, is ondergeskikte vroue (die *qadi-* of "stut"-vroue. Sien Olivier, Olivier en Olivier *Die Privaatreg van die Suid-Afrikaanse Bantoetaal-sprekendes* (1989) 130) wat om die beurt aan die Hoof- of Regter-handhuis toegevoeg word. In so 'n stelsel is die *qadi*-huis ondergeskik aan die betrokke senior huis, ook wat betref die opvolgingsreg in status. As daar geen manlike afstammelinge uit die Hoofhuis is nie, is die oudste seun van die huis wat eerste met die Hoofhuis geaffilieer is, volgens senioriteit die opvolger. Slegs as daar geen manlike afstammelinge uit beide die Hoofhuis en sy *qadi*-huis is nie, kwalifiseer die oudste seun van die Regterhandhuis as opvolger (sien Olivier *et al* 443-445). Dit verduidelik in die omstandighede die voorkeurreg ter opvolging van hoofman Mpendulo Sigcawu, as oudste seun uit die koning se derde huwelik, as koning teenoor die ondergeskikte reg van prins Ahlangene Sigcawu, die koning se oudste seun by sy tweede vrou.

## 4 Die bepalings van toepaslike wetgewing

Op nasionale vlak word die erkenning, aanstelling, ontslag en funksies van tradisionele statusposisies, soos dié van koning en koningin, ingevolge die Traditional Leadership and Governance Framework Act gereguleer. Voor die inwerkingtreding van dié Wet, het die aanstelling of erkenning van 'n persoon as kaptein ingevolge artikel 2(7) van die Swart Administrasiewet by

die (Staats)president berus. Die administrasie van die artikel is in 1994 deur die President aan die ses provinsies met tradisionele leiers oorgedra. Daarna het die aanstelling van tradisionele leiers onder die gesag van die provinsiale premiers geval, tensy verder aan die relevante provinsiale minister gedelegeer. (Sien Bennett 122. 'n Volledige bespreking van dié eertydse posisie val buite die omvang van hierdie aantekening.) Sodra die posisie van koning of koningin vakant is, word sodanige persoon deur die koninklike gesin genomineer waarna die President die aanstelling op voorgeskrewe wyse sanksioneer. 'n "Koning" of "koningin" word in die definisie-artikel van die Wet (a 1) omskryf as "synde 'n tradisionele leier te beteken (a) onder wie se gesag of binne wie se area van jurisdiksie, senior tradisionele leiers ooreenkomstig die inheemse reg gesag uitoefen; en (b) as sodanig ingevolge die Wet erkenning geniet" (my vertaling). "Koninklike gesin" word gedefinieer as die kern inheemsregtelike instelling of struktuur bestaande uit die verwante van die regerende gesin binne 'n tradisionele gemeenskap, welke verwante ooreenkomstig gewoonte geïdentifiseer is en, waar toepaslik, ander nabye familielede van die regerende gesin insluit (my vertaling).

## *4 1 Aanstellingsprosedure van konings en koninginne*

Die formele aanstellingsprosedure van konings en koninginne ingevolge die Wet is tweeledig van aard. Die eerste gedeelte van die proses geskied ooreenkomstig die toepaslike inheemse reg. Sodra 'n posisie van koning of koningin vakant word, moet die koninklike gesin binne 'n redelike tyd en *met inagneming van die toepaslike inheemse reg* (my beklemtoning) 'n opvolger nomineer (a 9(1)(a)(i)). Daarna volg kennisgewing van en die redes vir nominasie aan die President, die Premier van die provinsie en die Minister. Kennisgewing aan die Premier en Minister moet skriftelik aan die President bevestig word (a 9(1)(a)(ii)).

Ingevolge die tweede gedeelte van die aanstellingsprosedure word die benoeming deur die President by wyse van 'n kennisgewing in die Staatskoerant bevestig en word 'n sertifikaat van erkenning uitgereik, met inagneming van die volgende oorwegings:

- Eerstens, die behoefte aan uniformiteit *re* die status wat aan koninklikes in die Republiek toegeken word (a 9(1)b)(i));
- tweedens, die vraag of die betrokke koningskap reeds bestaan, of die verhewe status van die koning of koningin ingevolge die inheemse reg erken word, en of die koning of koningin binne 'n inheemsregtelik erkende struktuur van tradisionele rade en senior tradisionele leiers funksioneer (a 9(1)(b)(ii)(aa)-(cc)); en
- derdens die funksies van die betrokke koning of koningin (a (9)(1)(b)(iii)).

In gevalle waar daar getuienis of aantygings is dat die benoemingsproses deur die koninklike gesin nie in ooreenstemming met die inheemse reg geskied het nie, *mag* (my beklemtoning) die President die aangeleentheid na die Nasionale Huis van Tradisionele Leiers vir aanbeveling verwys (a

9(3)(a)-(b)). In gevalle waar die uitreiking van 'n sertifikaat geweier is, *moet* (my beklemtoning) die aangeleentheid vir heroorweging na die koninklike gesin verwys word (a 9(3)(c)), waarna die President aan die beslissing van die koninklike gesin gebonde is op voorwaarde dat dit ooreenkomstig die toepaslike inheemse reg geskied het (a 9(4); en sien Joubert (red) *The Law of South Africa (LAWSA)* vol 32 1ste hersiene uitgawe (2004) par 53 vir 'n oorsigtelike bespreking van die toepaslike bepalings. Die bespreking van dispuutbeslegtingsmeganismes ingevolge die Wet val buite die omvang van die bespreking).

## *4 2 Aanstelling van vroue as koninginne*

Dit is opmerklik dat die toepaslike wetgewing sowel as die wetsontwerpe wat dit voorafgegaan het (die Traditional Leadership and Governance Framework Bill, die oorspronklike weergawe vervat in Kennisgewing 1850 van 2003, en gewysig deur die Portefeulje-komitee op Plaaslike en Provinsiale Regering in die Traditional Leadership and Governance Framework Bill B 58B 2003), nie uitdruklik na die ontoepaslikheid van die manlike eersgeboorteregsreël in die opvolging van tradisionele leierskap verwys nie. Daar word egter by verskeie geleenthede in die Wet na sekere inheemsregtelike en grondwetlike waardes wat indirek op die statusposisie van vroue betrekking het, verwys. Aan die een kant word die waardes van die instelling, status en rol van tradisionele leierskap *volgens die inheemse reg* (my beklemtoning) in die Voorwoord tot die Wet erken. Aan die ander kant word aanvaar dat die instelling van tradisionele leierskap die beginsels van vryheid, menswaardigheid, gelykheid en nie-seksisme moet bevorder. Spesifieke verwysing word na die progressiewe bevordering van geslags-gelykheid binne die instelling van tradisionele leierskap gemaak. Terselfdertyd moet gestreef word na die bevordering van tradisionele gebruike en kulturele aktiwiteit. Artikel 2(3) maak spesifiek voorsiening vir die aanpassing van die inheemse reg en gewoontes relevant tot die toepassing van die Wet, ten einde onbillike diskriminasie te voorkom, gelykheid te bevorder, en "seeking to progressively advance gender representation in the succession to traditional leadership positions". Laasgenoemde bepaling maak dit duidelik dat die Wet gerig is op die demokratisering van tradisionele leierskapposisies, ook ten behoewe van vroue (sien Knoetze 2004(1) *Speculum Juris* 51-52).

Wat betref die erkenning van spesifieke tradisionele statusposisies, maak artikel 8 van die Wet voorsiening vir die volgende posisies: koningskap, senior tradisionele leierskap en hoofmanskap. In artikels 9-15 word voorts voorsiening gemaak vir die aanstelling en ontslag van die onderskeie kategorieë van tradisionele leiers. In dié verband word daar telkens na beide manlike en vroulike leiers as "kings", "queens", "senior traditional leaders, headmen or headwomen" verwys. In soverre die aanstellingsproses vir 'n koning of koningin bepaal dat die betrokke koninklike gesin binne 'n redelike tyd, met *inagneming van die beginsels van die inheemse reg* (my beklemtoning), 'n kandidaat vir die betrokke posisie moet identifiseer, kan gespekuleer word of dit inderdaad vir die *benoeming* (my beklemtoning) van

vroue voorsiening maak. Daar is reeds in die bespreking in par 2 hierbo verwys na die patriargale en potensieel eksklusiewe aard van die toepaslike inheemse reg.

Dit is egter duidelik dat die Wet nie die genoemde tradisionele statusposisies vir manspersone reserveer nie. Tog gaan dit nie sover as om uitdruklik vir die afskaffing van die manlike eersgeboorteregsreël voorsiening te maak nie. So verklaar Rampete namens die Gender Research Project dat "[the section dealing with recognition of traditional leaders avoids dealing with succession of women to the throne as traditional leaders and merely mentions queens who are in most cases women married to traditional leaders and not leaders of the community in their own capacity" ("What Happens to a Wife of a Traditional Leader When Her Husband Dies?" vol 3/2003 *Gender Research Project Bulletin* 7 8). Die tradisionele prosedure vir die nominasie van 'n leier word inderdaad behou, en in soverre die inheemse reg vir die nominasie van manlike tradisionele leiers of konings voorsiening maak, kan dit potensieel indirek tot die behoud van die manlike eersgeboorteregsreël lei. Dié interpretasie van die toepaslike statutêre bepalings blyk ook in ooreenstemming te wees met die onlangse beslissing in *Nwamitwa v Phillia* (2005 3 SA 536 (T); en sien par 4 hieronder). Interne ontwikkeling binne die tradisionele owerheid wat vir die nominasie van vroulike leiers voorsiening maak, is egter moontlik omdat die inheemse reg uit hoofde van haar aard nie stagnant is nie. Trouens, die Wet bevestig die behoefte aan ontwikkeling in soverre dit gerig is op die bevordering van geslagsgelykheid en die eliminasie van seksisme (sien die Voorwoord tot die Wet).

## 5 Onlangse regspraak

Die vraag na die regmatigheid al dan nie van die aanstelling van die vroulike respondent as opperhoof ("chief") in die Valoyi-stam het in die saak van *Nwamitwa v Phillia* (*supra*) ter sprake gekom. Hoewel die Traditional Leadership and Governance Framework Act nie toe van toepassing was nie, het die beslissing die patriliniese voorkoms van opvolging in sekere stamme (gemeenskappe) bevestig, terwyl dit nie so ver wou gaan as om die aanstelling van 'n vrou as opperhoof tersyde te stel of in die toekoms onmoontlik te verklaar nie. Die saak het 'n lang aanloop gehad (sien Mbatha "Are Women Accepted as Traditional Leaders? The Case of Phillia Nwamitwa Shulubana" vol 1/2005 *Gender Research Programme Bulletin* 1) wat nie binne die omvang van die onderhawige bespreking ter sake is nie. Die saak is nie die enigste resente beslissing waar die opvolging van 'n vrou as tradisionele leier betwis is nie. Sien in dié verband ook onder meer *Mkhatshwa v Mkhatshwa* (2002 3 SA 441 (T)). In dié saak het die hof die applikant se aansoek om herinstelling as hoofman van die Mawewe-tradisionele owerheid van die hand gewys. Die eerste respondent was 'n vrou wat deur die Premier van Mpumalanga as hoof aangestel is. Die applikant het betoog dat hy die regmatige opvolger van sy vader was, maar dat hy te jonk was om die verantwoordelikheid as hoof oor te neem toe sy vader in 1985 gesterf het. Onderwyl die applikant in Johannesburg op skool

was, het die koninklike familie aanbeveel dat die eerste respondent as waarnemende hoof aangestel moet word. Die applikant het in 1996 na die familiewoning teruggekeer, en is kragtens artikel 2(7) van die Swart Administrasiewet as tradisionele leier aangestel. Sy aanstelling is egter gou betwis, en hy is na heroorweging deur die Premier van sy amp onthef. Die eerste respondent is heraangestel. Dit is hierdie aanstelling wat aanleiding gegee het tot die onderhawige aansoek. Die hof kon egter geen ongerymdheid in die aanstellingsprosedure vind nie. Dit was egter nie vir die hof nodig om uitsprake *re* die aanstellingsbevoegdheid van 'n vrou as tradisionele leier te maak nie.

In *Nwamitwa* moes die hof in essensie oor drie vrae beslis:

- Eerstens, of die gewoontes en tradisie van die Tsonga-Shangaanstam, meer spesifiek die Valoyi, voorsiening maak vir die aanstelling van vroue as hoofde;
- of die koninklike gesin *in casu* in die aanstellingsproses in ooreenstemming met die inheemse reg opgetree het toe dit die respondent as opperhoof aangewys het; en
- of die aanstelling van die respondent as opperhoof deur die uitvoerende raad van die Limpopo-provinsie ooreenkomstig die inheemse reg binne die omvang van die Grondwet geskied het.

Dit is interessant om te let op die hof se spyt by monde van Swart R dat die aangeleentheid vir beslegting voor die hof moes dien – alhoewel nie in ooreenstemming met die inheemsregtelike prosedure nie, sou dit die hof insiens meer gewens wees om die dispuut na 'n gesamentlike vergadering van die betrokke stam en sy verteenwoordigende liggame te verwys. Die regter insiens is howe swakker toegerus om die gewoontes en tradisie van 'n tradisionele gemeenskap bloot te lê (538F-G/H). Artikel 22(1) van die Wet maak nou vir die totstandkoming van 'n kommissie, die Commission on Traditional Leadership Disputes and Claims, voorsiening wat onder meer op aansoek of uit eie beweging ondersoek mag instel na 'n geval waar daar twyfel bestaan of 'n koningskap, senior tradisionele leierskap of hoofdeskap in ooreenstemming met die inheemse reg daargestel is. Besluite van die Kommissie sluit uiteraard nie die inherente jurisdiksie van howe uit wat oor beide die meriete en prosedurele juistheid van aanstellings kan besleg nie. Volgens artikel 26 van die Wet is die beslissing van die Kommissie egter afdoende. Onder omstandighede is dit hoogs onwaarskynlik dat 'n hof in eerste instansie so 'n dispuut sal aanhoor. Dit sou enigiemand natuurlik vry staan om 'n beslissing van die Kommissie op hersiening te neem, in welke geval die reels van die Administratiefreg op die spel kom. (Dié reëls is nie hier ter sprake nie.) Ook interessant (maar onverklaarbaar) in die onderhawige saak was die feit dat geeneen van die partye deskundige getuienis aan die hof voorgelê het nie (540E-F).

Op die gelewerde getuienis van die onderskeie partye kon die hof nie anders nie as om soos volg op genoemde vrae te antwoord:

- Eerstens, dat daar geen getuienis is dat vroue, selfs as eersgeborenes, as hoofde in die Valoyi-stam aangestel is nie (540E-F). Hoewel daar getuienis was dat vroue in spesifieke gemeenskappe as hoofde waargeneem het, was die hoofdeskap van die Valoyi vir vyf generasies patrilineêr en volgens primogenituur gereël;
- tweedens, dat die hof nie oortuig was dat die koninklike gesin in ooreenstemming met die Valoyi-gewoontes en tradisie opgetree het in die benoeming van die respondent as opperhoof nie (544E/F-I). In dié verband het die hof daarop gewys dat die appellant nie van hoofdeskap gediskwalifiseer was nie, maar dat die respondent bloot deur die koninklike gesin tot die posisie bo enigeen anders verkies is. In antwoord op die vraag of die inheemse reg nie sodanig intern deur die koninklike gesin aangepas en ontwikkel is om ook vir vroulike opvolgers voorsiening te maak nie, het die hof ontkennend geantwoord. Van belang is die hof se omskrywing van die rol en funksie van die koninklike gesin in die aanwysing van 'n opvolger as bloot formeel, met ander woorde, die koninklike gesin erken en bevestig bloot 'n opvolger, dit wys nie die persoon aan nie. Waar die kandidaat nie vir die posisie geskik was nie, sou die koninklike gesin moontlik 'n meer direkte rol kon vervul, maar dit was nie *in casu* die geval nie (545D/E-F). Die aanwysing van die respondent in weerwil van die toepaslike gewoontes en tradisie, het die hof insiens nie die ontwikkeling of evolusie van die reg veronderstel nie; inteendeel, dié aanwysing is geag 'n drastiese afwyking van gewoonte wat buite die funksies en gesag van die koninklike gesin geval het. Afwyking van die gewoonte om die opvolger patrilineêr te bepaal, is nie deur getuienis ondersteun nie en erkenning daarvan sou die hof insiens tot "confusion and uncertainty" in opvolgingskwessies lei (545F/G-H/I; en sien in die algemeen Vorster "South African Customary Law and Ethnicity: Challenges for South Africa" 2001 *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Etnologie* 119 124 ten opsigte van die potensiële onsekerheid wat deur die drastiese transformasie van die inheemse reg geskep word).
- Op die vraag na die bestaanbaarheid van die aanwysing binne grondwetlike konteks, het die hof sy verpligting om die inheemse reg onderworpe aan die Grondwet toe te pas, erken, maar aangedui dat die tersaaklike inheemse reg nie ongeldig was nie (546H/I-J). Die hof insiens was die vraag nie bloot een van uitsluiting van opvolging op grond van geslag of ouderdom nie, maar wel een van die gebrek aan 'n regsbasis vir die herstel van die Fofoza-linie by wyse van die *ex post facto*-aanwysing van die respondent as opvolger (548E/F-G). Insiggewend was die hof se onbereidwilligheid om te verklaar dat die Valoyi nooit 'n vroulike opvolger sou kon hê nie (548F).

Mbatha beskryf die *Nwamitwa*-saak as een wat die gemengde gevoelens by manlike lede van 'n koninklike familie jeens vroulike opvolgers demonstreer. Sy skryf dit toe aan 'n onwilligheid by mans om gesag prys te gee wat hulle tradisioneel toegekom het (*Gender Research Programme Bulletin* 6). Myns insiens neem dié siening egter nie die veelkantige aard van opvolging in ag nie. Dit negeer byvoorbeeld die opvatting dat die leier

opgevolg moet word deur die oudste seun van die hoofvrou, wat as "moeder van die stam" beskou word, onder meer vanweë die feit dat die stam as geheel tot die *lobolo* vir haar bygedra het (Olivier *et al* 497), of dat die opvolger die "mees senior lewende skakel met die voorouerlike wêreld van die heersende familie verteenwoordig" (Vorster (2002) 135). Mbatha waarsku egter tereg dat die klaarblyklik dikwels voorkomende meerderwaardige houding van mans die realisering van die bepalings van die Wet, wat vir die aanwysing van vroulike opvolgers deur koninklike gesinne voorsiening maak, aansienlik kan bemoeilik (*Gender Research Programme Bulletin* 6). In soverre die inheemse reg haarself egter met verloop van tyd intern aanpas en die grondwetlike waardes reflekteer, is die benoeming van vroulike opvolgers allermins onrealiseerbaar. Wat egter vasstaan, is dat *Nwamitwa* die bewys van die veranderde gewoontes voor die hof impliseer. Soos reeds vroeër genoem, was die hof *in casu* onwillig om 'n *drastiese afwyking* van die inheemse reg as die *ontwikkeling* of evolusie van die reg te aanvaar (my beklemtoning). Dié siening skep, op sy beurt, opnuut vrae oor wat die betekenis van die "ontwikkeling" van die inheemse reg ingevolge artikel 39(2) van die Grondwet werklik is (sien Himonga en Bosch "The Application of African Customary Law Under the Constitution of South Africa: Problems Solved or Just Beginning?" 2000 *SALJ* 306 317). Die beantwoording van dié vraag noodsaak gewis akademiese ondersoek en analise, maar val vir doeleindes van hierdie aantekening buite die omvang van die bespreking.

## 6 Slot

Die dood van koning Xolilizwe Sigcawu het allermins die einde van 'n dinastie ingelui. Vir so lank as wat die instelling van tradisionele leierskap, insluitende koningskap, grondwetlik, statutêr en inheemsregtelik erken word, leef die posisie van koning voort. Die proses vir die aanwysing en uiteindelike aanstelling van die nuwe koning is dan ook tweeledig van aard omdat dit die benoeming van die persoon ooreenkomstig die inheemse reg verseker, terwyl dit prosedureel aan die vereistes van die Wet, gebonde is. Die Wet sluit nie die opvolging van vroue as tradisionele leiers uit nie; inteendeel, dit is gerig op die demokratisering van statusposisies. Dit beteken egter nie noodwendig opvolging deur vroue in posisies wat ooreenkomstig die inheemse reg vir verskeie generasies deur mans beklee is nie. Dít blyk duidelik uit die saak van *Nwamitwa* (*supra*) waar die vereiste van benoeming ooreenkomstig die inheemse reg benadruk is. Ook in die geval van die Gcaleka-koninkryk blyk die opvolging van 'n man as koning verseker te wees – juis omdat dit in ooreenstemming met die toepaslike inheemse reg is wat reeds vir die opvolging van elf Gcaleka-konings voorsiening gemaak het.

Die mediaberigte wat die opvolging van die ontslape koning Xolilizwe Sigcawu deur hoofman Mpendulo Sigcawu reeds op 27 Januarie 2006 verkondig het, blyk prematuur te wees (sien par 1 hierbo). 'n Woordvoerder van die Oos-Kaapse LUR vir Behuising, Plaaslike Regering en Tradisionele Sake het op 13 April 2006 in 'n telefoniese gesprek met die skrywer bevestig

dat die benoeming en aanstelling van die nuwe koning ingevolge die voorgeskrewe prosedure van die Wet sou plaasvind. Die benoeming van 'n opvolger deur die koninklike gesin sou na alle waarskynlikheid teen die middel van Mei 2006 geskied, waarna die naam van die kandidaat aan die Oos-Kaapse Premier en LUR en die President (laasgenoemde vir sanksionering) bekendgemaak sal word.

Die verhaal van die dood en opvolging van koning Xolilizwe Sigcawu van die Gcaleka-koninkryk in die Oos-Kaap bevestig dat die instelling van koningskap in 'n Suid-Afrikaanse konteks allermins dood is. Daar was teen 2002 onder meer ses konings, vyf opperhoofde en vyf adjunk-opperhoofde wat binne die raamwerk van tradisionele leierskap funksioneer het (Vorster (2002) 133).

Die (Gcaleka-)koning is dood. Lank lewe die (Gcaleka-)koning!

Elmarie Knoetze
*Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit, Port Elizabeth*